# *Die doel en gevolge van die Antichris op ons as Christene van vandag*



Kopiereg © deur Louwrens Erasmus (April 2026) Gepubliseer deur Shama Ministries

Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik. Indien die boek jou gehe[p het in jou verhouding met die HERE, vertel gerus jou vriende daarvan.

My lewe het in 1995 'n drastiese wending geneemna 'n nood operasie vir my blindederm. Toe ek my oë oopmaak na die operasie het die dokter my vertel dt ek baie gelukkig kan wee, aangesien hulle nie net my blindederm kon verwyder het nie, maar ook so 'n meter van my dunderm wat 'n kanker gewas gehad het. Indien hulle dit nie gevind het nie, sou ek heel montlik binne 'n jaar van kanker gesterf het.Nie die sort van nuus wat jy verwag nie.

So ek lei aan 'n seldsame kanker bekend deesdae as NET kanker maar was vroeër as Carcinoid bekend, en indien die gewas funksioneel was het dit Carcinoid sindroom veroorsaak. Dit is by my die geval en maak dit vir myself onmoontlik om enige beroep te kan beoefen. Dit is nou al sedert 2013 die geval.

Ek glo nie iemand is gereed om op 44 jarige leeftyd te hoor dat jy gaan sterf nie. Dit het my gedwing om seker te maak dat die dag wanneer ek my oë toemaak op hierdie aarde, ek by my verlosser en saligmaker sal wees. So al die boeke wat u hier sal vind by www.shama.org.za het ek geskryf in my soeke na dit wat vir my die sekerheid sou gee dat ek saam met Jesus, die Vader en al die gelowiges in die agste dag, die dag sonder begin en einde, sal wees.

Behalwe vir 'n klein pensioen vertrou ons dat daar wel eendag mense donasies sal skenk om ons lewens te vergemaklik, veral nadat my vrou in die tussen tyd haar eie stryd met kanker gehad het. Sy het 'n bilaterale mastektomie ondergaan, en is vandag kanker vry, maar met baie lelike operasie wonde wat dit ook onmoontlik maak om enige kuns borste te kan dra. Oor die afgelope tien jaar het ons darem al twee donasies ontvang al word die artikels en boeke teen 'n tempo van 1000+ per maand afgelaai.

Indien u 'n bydrae aan ons wil maak sodat ek die nodige mediese behandeling kan ontvang om my stryd van dertig+ jare te vergemaklik, of om vir herstel werk by haar te kan doen, het ek die nodige besonderhede hieronder aangeheg en kan u dit plaaslik of internasionaal gebruik.Gebruik u foon se kamera om die QR kode te skandeer en dan vir ons 'n bydrae te maak.

My persoonlike blog is louwrense@blogspot.com.

Facebook: https://www.facebook.com/ShamaMinistries

https://buymeacoffee.com/louwrens

Net so terloops, die boek wat Jesus in Openbaring neem om te kyk wie se name daarin geskryf is, is dieselfde boek wat Maleagi gevra het dat die wat werklik gehoorsaam is se name opgeskryf moet word. *"Vermetel is julle woorde teen My, sê die HERE. Maar julle vra: Wat het ons onder mekaar teen U gespreek? Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die HERE van die leërskare te wandel? En nou prys ons die vermeteles gelukkig; nie alleen word die wat goddeloosheid bedrywe, gebou nie, maar hulle versoek God en raak vry!* ***Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is***

***‘n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer. En hulle sal My tot ‘n eiendom wees, sê die HERE van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos ‘n man medelyde het met sy seun wat hom dien****. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie.”*

Facebook:https://www.facebook.com/pages/Louwrens-Erasmus-Shama-Ministries/305674599449922?ref=hl

Website https://www.shama.org.za

# INHOUDS OPGAWE

DIE DOEL EN GEVOLGE VAN DIE ANTICHRIS OP ONS AS CHRISTENE VAN VANDAG4

INLEIDING4

DIE VERSKILLENDE STANDPUNTE VAN DIE VERBOND5

EERSTENS WIL EK KYK NA DIE DEFINISIE VAN DIE ONDERWERP5

"PURPOSE DRIVEN" VERBOND VAN RICK WARREN5

HUL EIE DEFINISIE.......7

DIE DOELGERIGTE VERBOND GESKRYF DEUR RICK WARREN.......7

"DIE ANGEL STADIUM vERKLARING 17 APRIL 20057

BYBELSE SIENING VAN DIE VERBOND.......10

SO WAT IS MY SIENING VAN DIE VERBOND?.......11

BYBELSE STAPPE VAN ' N VERBOND13

DIE PURPOSE DRIVEN EINDTYD17

Direkte onderhoud met Rick Warren.......20

SO EERS DIE EERSTE AANHALING.......21

Wat kan ons verwag in 2021?.......24

AANHANGSEL A DIE OORSPRONKLIKE VERBOND VAN RICK WARREN SE WEBTUISTE AF27

# DIE DOEL EN GEVOLGE VAN DIE ANTICHRIS OP ONS AS CHRISTENE VAN VANDAG

## INLEIDING

Ek het so 'n breek gevat van alle skryfwerk en net gekonsentreer om bietjie meer tyd met Hettie te spandeer, asook net so 'n bietjie meer tyd aan van my ander stokperdjies, soos rose groei, en dan die lekkerste een, om vir so lank as moontlik so min as moontlik te doen.

Dan moet ek by sê dat ek nogal hard gewerk het aan drie verskillende kalenders wat ek wou uitgee vir volgende jaar vir verskeie groepe, soos ons 50 jarige reünie van ons matriek jaar, wat ek ongelukkig nie by kon woon nie behalwe deur die foto's te gebruik en so het dit allerhande gedagtes weer herlewe, een vir Hettie wat ek aan Kansa gestuur het vir borskanker pasiënte, en dan een vir ons NET kanker groepe oor die wêreld.

Ek het al in Augustus besluit om my blog wat oor my geveg met NET kanker handel te eindig, maar nou het ek soveel mense gehad wat gevra het wat nou aangaan so die tweede weergawe sal eersdaags begin, en het ek aangeneem dat ek nou tyd het om die eerste weergawe te verwerk in boek vorm in Engels sodat dit moed en verwysings ook kan gee vir mense wat maar dieselfde paadjie as ek loop, asook vir onkoloë om te sien waar daar ander areas is waar miskien ook navorsing oor kan gedoen word.

Ek het verseker geweet my dae van skryf oor teologiese sake is op 'n einde want ek het gereken dat ek meeste sake bespreek het, en dat ek nou nie juis aan 'n onderwerp kan dink wat ek onaangeraak gelaat het. Dit was nou tot so drie dae gelede. Skielik so terwyl ons net van Pretoria af teruggekom het by die huis na ons al ons biometriese inligting moes gaan afhandel vir ons visums na Australië om by ons een dogter, haar man en kleinkind te gaan kuier en ons ook die geleentheid wou gebruik om te sien of ek so 'n vlug redelik sal kan aandurf, het ek skielik uitgevind ek is nog nie naby klaar nie. Wat die kuier aanbetref het is dat ek uit gevind het sy sal maar by ons moet kom kuier want ek glo nie ek sien kans vir so 'n lang vliegrit nie, en het ek sommer al gevoel ek het nie eers nodig om op die vliegtuig te klim na 'n drie ure rit om in Bloemfontein te kom nie, en dan is dit maar 'n vlug van minder as 'n uur na Johannesburg. En daar is nogal spesiale aandag aan my gegee, so ek het met 'n spesiale voertuig by Johannesburg hanteer en oral met 'n rystoel rondgevat. Net jammer dat ek nog steeds in Johannesburg hande vier voete rondgeloop nadat ek nie 'n randsteen gesien het nie.

So terwyl ek gou die rose natgegooi het kom die HERE en krap al my kaarte deurmekaar. Skielik vind ek dat daar 'n onderwerp is wat ek al maande gelede op die een forum oor standpunte gevra het, wat toe skielik kop uitsteek, en nou sit ek maar en begin weer te skryf. So van dit wat ek gedink het ek is klaar van, het toe skielik die grootste prioriteit geword. Maar dit is maar hoe ek die HERE ken. Die een oomblik het jy niks, en dan skielik is daar 'n fontein wat binne jou oopgemaak word en kan jy nie vinnig genoeg daarmee begin nie.

# DIE VERSKILLENDE STANDPUNTE VAN DIE VERBOND

## EERSTENS WIL EK KYK NA DIE DEFINISIE VAN DIE ONDERWERP

Ek wil begin by dit wat Rick Warren van Saddleback gemeente so 'n groot treffer gemaak het, "The Purpose Driven Life." Volgens kenners is dit naas die Bybel die boek wat wêreldwyd in die meeste tale vertaal is, en die tweede plek inneem na die Bybel wat verkope aanbetref.

## "PURPOSE DRIVEN" VERBOND VAN RICK WARREN

So ek wil hier begin met die definisie wat ek aan "purpose driven" koppel. Dit is vir my 'n soortgelyke handleiding as wat ek tydens my latere studies gedurende die laat sewentigs by Unisa gehad het oor bestuur. Die voorgeskrewe werk was "Management by Objectives" wat deur Peter Drucker geskryf is, en het toe baie maatskappye se standaard geword. Die maatskappy het 'n globale doel gehad en dit is dan opgebreek in hoe elke afdeling en dan later wat elke persoon se bydrae gaan wees hoe om hierdie oorhoofse doel te bereik. So kon almal dan gemeet word aan wat van hul verwag was en of die persoon hul doelwitte behaal het of nie. Bonusse en salarisverhogings binne die maatskappy is dan ook meestal daaraan gekoppel. Gesien vanuit 'n Christelike oogpunt was die boek heeltemal gebaseer op “new age” leerstellings wat mense na hulself laat kyk het en hoe hulle self hulle lewe kan verbeter.

As bestuurder is daar van jou verwag om doelstellings daar te stel en dan kon jy jou eie vordering of die van jou werkers daarvolgens meet om sodoende die beste uit jou werkers te kry, veral wanneer daar 'n finansiële waarde daaraan gevoeg was. Ek praat nou nie van vandag se staatsdepartemente en sogenaamde staatsondernemings soos Eskom, Transnet en SAL net om 'n paar te noem in Suid Afrika waar hul eerste doelstelling is om ten minste 80% van die dae wat hulle moes werk by die werk opgedaag het, en dan is 90% van hul bestuur bonus natuurlik daaraan gekoppel nie.

Dat die skrywer van die reeks wat dit toe op gemeentes en kerke toegepas het nie vir plagiaat aangekla is nie, is omdat hy 'n baie nou verhouding met Drucker gehad het en hulle baie keer saam seminare vir gemeentes aangebied het.

So wat is "purpose driven" dus? Jou gemeente en lidmate moet hulle eie doelstellings vestig sodat almal in dieselfde rigting beweeg, en daar 'n gemeenskaplike doel vir die gemeente is. So kan ek dink aan een van die eerste gemeentes waar ek was wat die boek toegepas het, met hul hoof beleid om soveel as moontlik van die studente van 'n naby geleë universiteit op 'n Sondagaand daar te kon kry sodat hulle die studente se begrip van Kerk en geloof kon beïnvloed en dan het die jongmense nou 'n gemeenskaplike doel gehad. Vir die teologiese studente was die doel om wanneer hierdie studente afgestudeer het altyd 'n pastoor of twee gehad het om gemeentes te begin in die areas waar meeste van die studente hulle dan bevind het. Hulle doel was nie net om vir teologiese studente betrokke te kry nie, maar teologie studente het die aansporing gekry dat hulle aktief by die gemeente betrokke kon raak en die tiener kerk waar te neem, of die kleuter kerk of van die programme wat gedurende die week aangebied is vir die gemeente lede. Oorspronklik het dit gegaan oor Pretoria as stad wat hulle die beeld van Jesus na wou uitstraal, maar vandag is daar in alle groter stede twee of drie gemeentes, en soos die omstandighede in Suid Afrika verander het, is daar nou ook gemeentes in Nieu Seeland, Australië, en ook in Engeland. Dis nou die van wat ek weet. Dit weet ek aangesien ekself die karavaan bediening gelei het en ons probeer het om mense weer betrokke te kry deur eerstens sang, veral op 'n Saterdagaand rondom 'n groot kampvuur, en dan het ek die diens gelei op die Sondagoggend.

So die "resep" is maklik. Jy bied boodskappe aan wat die jongmens se alledaagse vrae beantwoord, sing eietydse liedere, en wees relevant sover dit die jeug aanbetref. Die kinders sal wel die ouers betrek en skielik vind jy dat jy 'n baie groot groep geword het en dit was dan ook die eerste doelstelling van die groep. Die rede is maar voor die hand liggend. Indien jy die jeug kan oortuig sal

die ouers ook mettertyd saam met die kinders gaan want die kinders spandeer tyd by die kerk en lê nie in 'n kroeg of ander nie Christelike plek rond nie. So dit moet goed wees.

Verstaan my baie mooi. Die spesifieke gemeente wat ek hier beskryf is regtig 'n baie geseënde plek waar die HERE verseker mense aanraak, maar vir my wat jare later in Port Elizabeth weer probeer inskakel het as gewone lid by die gemeente aldaar, was dit baie moeilik. Beide myself en Hettie het gevoel dat die mense eintlik 'n houding gehad het van "wat maak jy as ou mens hier?" Sy was in haar middel vyftigs en ek was vinnig op pad na sestig jaar oud. Op die ou einde het ons maar by die huis gebly en soos vandag gebruik ons die dag as 'n rusdag om te rus van die week se lading en net weer kragte op te bou vir die week wat kom, en natuurlik sal daar soos elke dag in ons lewens iets wees wat ek met Hettie sal deel, of sy met my en dan is dit gewoonlik Bybelse onderwerpe. Want dit is waaroor en waarom ons lewe draai.

Ons het regtig nie 'n spesifieke dag wat ons alles los en net aan die HERE wy nie, aangesien ons daagliks oor Hom gesels met mekaar, getuig hoe Hy elke oomblik jou bystaan, en net met Hom elke oomblik te wandel. Indien u Hebreërs hoofstukke drie en vier gaan lees sal u verstaan dat die Sabbatdag eintlik vir ons as Christene beteken dat ons oorgegaan het van 'n werke Christen, na 'n geloof Christen. Iemand wat tot die besef gekom het dat ek net uit genade gered is en nie uit werke nie. Daarom dat die skrywer die volgende kwytraak oor Israel: *"En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie."* (Heb. 3:18-19) So almal wat ongehoorsaam was het nie in Kanaän ingegaan nie. Met ander woorde hulle het nie die ewige lewe beërf nie. Al was hulle deel van fisiese Israel en het aan al die vereistes van die verbond gehoor gegee, is hulle nogtans verwerp, en dit omdat hulle nie geloof gehad het nie. Die gedeelte beskryf ook dat solank dit vandag is as jy Sy stem hoor, so dit kan enige dag wees, moet jy daarop reageer. Jou vandag is dalk vandag en jou buurman se vandag is dalk eers oor 2 jaar. Maar jy moet luister wanneer die HERE met jou praat. Hy het net eenkeer vir Israel die geleentheid gegee, en Hy het hulle ook nie toegelaat om te "backslide" nie. Nee hulle het een kans gekry en omdat hulle Hom nie geglo het nie, het hulle nie die ewige lewe beërf nie.

Dan sal u ook agterkom dat u weer terugkeer na werke, maar dat dit die keer nie gaan om mense te beïndruk nie, maar om seker te maak dat ek met die bruilofsmaal van Openbaring 19, nie nakend sal opdaag by die bruilof van Christus met die Kerk nie. *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.* ***En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.*** *Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God."* (Opn 19:7-9)

Ons het beide kanker oorleef, Hettie het 'n bilaterale mastektomie in 2017 gehad en sovêr ons weet is sy huidig kanker vry, terwyl ekself maar 'n lewenslange vonnis uitdien met NET kanker wat ook beken staan as Carcinoid sindroom. Daar is geen behandeling wat dit heeltemal kan stop nie behalwe om die gewas(se), uitsaaiings, en alle spore van die gewas te verwyder, maar selfs in vandag se tyd met al die vordering wat alreeds op mediese vlakke gedoen is en elke dag nuwe metodes van behandeling en nuwe medisyne wat uitgevind word, daar nie 'n behandeling is wat Carcinoid sindroom volkome kan genees nie. Hulle het reeds in 1995 vir my meegedeel dat daar altyd 'n stuk sal wees want deel van die gewas is op 'n plek waar geen dokter kan opereer nie. Ek het geglo soos baie Pinkster/charismatiese gemeentes, dat ek na sovele gebede redelik gesond was van die kanker net om agtien jaar later uit te vind dat die gewas maar net aanhou groei het, en ek vandag nog steeds met NET kanker rondloop en dat my medikasie bestaan uit pynpille, depressie middele en antidiarieë medisyne. En dan is die gewas vandag 80mm by 40mm by 33mm. So dit is verseker nie 'n klein gewas nie, maar dit hou ons baie na aan die HERE omdat ons besef dat elke dag wat ons langer leef, net genade is van die HERE. Nou kan ek net byvoeg dat sedert die tyd wat ek die oorspronklike boek geskryf het en vandag het ek by die huis geval en die rug fusie van 1993 gebreek het. Dit het die gevolg gehad dat waar ek tans is ek weer 'n rug fusie moet deurgaan, . Maar dit het ook gewys dat ek erge osteoporose het en die fusie in elk geval besig was om los te kom, en dan dat die gewas wat in die buik was een van die are wat hy om was gevolg het en nou die hele rug fusie ook omhul met 'n NET kanker gewas.

So net om die gedeelte mee af te sluit is die definisie van die doelgerigte Kerk om saam te werk om die beeld van Jesus aan alle mense uit te straal. En dit is elke dag, nie net een dag van die week nie.

## HUL EIE DEFINISIE

Nou met die definisie agter die rug, wil ek graag kyk na Rick Warren se eie beskrywing van waaroor die hele "purpose driven" beweging gaan. Hulle noem dit hulle verbond. Ek het dit vertaal van hul eie webtuiste af waar dit in Engels beskikbaar is. Ek het dit ook in Engels aangeheg sodat u dit in die skrywer se eie woorde kan lees.

## DIE DOELGERIGTE VERBOND GESKRYF DEUR RICK WARREN.

"Op 17 April het meer as 30 000 lede van die Saddleback-familie in die Angel-stadion vergader om ons gemeente se 25ste bestaansjaar te vier. Maar ons het meer gedoen as net jubel in die manier waarop God die oorspronklike visie wat hy vir my in 1980 vir die gemeente gegee het, vervul het. Ek het ook 'n nuwe visie gedeel wat God in my hart geplaas het, een vir die mobilisering van al God se mense - oor die hele wêreld. Die reuse struikelblokke wat mense in geestelike duisternis hou, aanpak.

Aan die einde van die viering het ons almal die onderstaande verklaring wat ek geskryf het om ons te help om ons radikale toewyding tot hierdie globale geestelike revolusie uit te druk gestaan en lees. Ek moedig u aan om dit met u vriende en familie te deel, aangesien ons almal mekaar uitdaag om by God aan te sluit, aangesien Sy wil op aarde soos in die hemel gedoen word.

## "DIE ANGEL STADIUM VERKLARING 17 APRIL 2005

Vandag stap ek oor die lyn. Ek is moeg vir stories praat, en ek is klaar met aarsel om iets te doen. Ek het my keuse gemaak; die uitspraak is in; en my besluit is onherroeplik. Ek gaan God se weg volg. Daar is nou geen terugkeer nie!

Ek sal die res van my lewe leef wat God se doel met God se mense op God se planeet doen tot eer van God se glorie. Ek sal my lewe gebruik om Sy teenwoordigheid te vier, Sy karakter te kweek, aan Sy familie deel te neem, Sy liefde te openbaar en Sy Woord te kommunikeer.

Aangesien ek my vergifnis verkry het en ek het 'n doel om te lewe en 'n huis wat in die hemel wag, weier ek om meer tyd of energie te spandeer op vlak lewe, klein denke, triviale praat, ondankbare doen, nutteloos betreur, of onverskrokke bekommernis. In plaas daarvan sal ek God se beeld uitbrei, tot volwassenheid groei, in Sy diens dien en my missie in die lidmaatskap van Sy familie vervul.

Omdat hierdie lewe voorbereiding vir die volgende is, sal ek die volgende voorkeure handhaaf: aanbidding oor rykdom naspeur, "ons" oor "my", karakter oor trotsheid, diens oor status, mense oor besittings, posisie oor genot. Ek weet wat die meeste saak maak en ek sal alles gee wat ek het. Ek sal die beste doen vir Jesus Christus wat ek vandag kan en met wat ek het.

Ek sal nie deur kultuur betower word nie, deur kritici gemanipuleer word, met lofprysing gefrustreer, gefrustreer deur probleme, deur versoeking verswak of deur die duiwel geïntimideer word nie. Ek sal my wedloop hardloop met my oë op die doel, die kantlyn vermy of my oë rig op die wat daar is en nie met my die pad loop nie. Wanneer tye moeilik word en ek moeg word, sal ek nie terugkeer na my vorige lewe, terug af, terug af, terug uit of terugval nie. Ek sal net deur God se genade vorentoe beweeg. Ek is 'n Gees-geleide, doel gedrewe en missie-gefokusde persoon, dus ek kan nie gekoop word nie, ek sal nie gekompromitteer word nie, en ek sal nie ophou tot ek die wedren voltooi het nie.

Ek is 'n trofee van God se wonderlike genade sodat ek genadig sal wees vir almal, dankbaar vir elke dag, en vrygewig met alles wat God aan my toevertrou.

Aan my Here en Verlosser Jesus Christus, sê ek: Maar wanneer, waar en wat ook al jy my vra om te doen, is my antwoord vir ewig ja! Waar jy ook al lei en wat ook al die koste is, is ek gereed. Enige tyd. Oral.

In elk geval, wat ook al die Here nodig het; wat ook al dit vat! Ek wil so deur Jou gebruik word dat ek op daardie laaste dag sal hoor dat Jy sê: "Goed, goed en getrou. Kom binne en laat die ewige lewe begin!"

Van Www.PurposeDriven.com. Die webtuiste het intussen verdwyn van die internet, en weer verskyn met 'n heel ander inhoud.

So dit is hul verklaring. Ek kan net daarop wys dat dit nie 'n verbond kan wees nie want 'n verbond bevat baie meer inhoud en voorwaardes as wat hier genoem word daarom dat ek dit 'n verklaring noem.

Die eerste probleem met hierdie verklaring is dat dit gaan oor die onheilige drie eenheid, "I, me and myself." Ek sien nêrens dat daar 'n onderneming is dat ek my lewe oorgee aan die HERE nie, dat ek bely dat ek net deur Sy oplossing vergewing van sondes ontvang, so dat ek na Hom uitroep om my te red van die ewige dood, dat ek sal wegdraai of so vinnig as moontlik weghardloop van enige versoeking wat na my kant toe sal kom, en dat die HERE my nou kan vorm soos wat Hy wil. Ek kan nooit verklaar dat ek Sy kind is nie, want Hy is die een wat my oorgawe moet aanvaar en wederbaar.

Dit is soos om aansoek te doen vir 'n paspoort. Ek moet alles openbaar maak hoekom ek 'n paspoort wil bekom en dan is dit nie my besluit nie maar die owerheid se besluit of ek geregtig is op 'n paspoort. En dit is ook hoe dit in die HERE se koninkryk gaan. Ek kan slegs aansoek doen en dan sal Hy my aanstel in Sy koninkryk. Dan verander ek van eienaar. Waar ek vroeër onder die koningskap van die Satan was, is ek nou 'n onderdaan in die koninkryk van die Vader deur dit wat Jesus vir my gedoen het.

Nou is ek net 'n instrument in Sy koninkryk. Dit gaan nou glad nie meer oor ek, my, of myself nie, maar net oor Hom die HERE, in al drie vorme, Vader, Seun en Heilige Gees. So alles wat Rick Warren hier beskryf is wat hy wil dat sy volgelinge moet doen. En nou kom die eintlike groot anti-christelike siening na vore.

Nou verklaar hy dat aangesien ons as Christene in liefde met ons naaste moet lewe, en die Moslems volgens die Quran ook in liefde moet lewe met hul medemens, ons dus almal dieselfde God aanbid, en daar vind ons die oorsprong van Chrislam. Volgens Chrislam lei alle paaie na die hemel, en het elke godsdiens net "sy" metode om daar uit te kom. So vir ons as Christene is dit deur Christus, vir die Jood deur onderhouding van die gebooie, volgens die Moslems die voorskrifte volgens die Quran en Mohammed, die Hindoes deur gehoorsaamheid al hul verskillende gode, en dan die Boeddhiste deur Boeddha. So hier vind ons die oorsprong van die een wêreld godsdiens. En natuurlik is Rick Warren heel voor. En ons moet ook nie van die Suid Amerikaners se Christen groepe weggooi nie wat hulle self so slaan en vermink want hulle wil help om vir hulle sondes te betaal.

Die feit dat Christene in Moslem lande vermoor, gegesel en soos nou onlangs selfs in Indië en Pakistan gedood word, verander niks hieraan nie. Dat ek as Christen nie in Saudië Arabië met my Christelike lewenswyse toegelaat word om daar te lewe nie, so ook in Dubai waar jy as nie boorling nie daar mag aftree nie maar na jou land van oorsprong moet terug gaan, verander geensins aan sy beleid nie. Wanneer ons hoeveel keer sien hoe Moslems Christene onthoof moet ons hulle maar net vergewe en aangaan. Daar is hoevele gevalle in die laaste paar jaar waar ISIS mense op kamera om die lewe bring, en voor hulle Osama Bin Laden se groepe, maar daaroor word niks gesê nie. Dat daar op een tydstip waarvan ek kennis dra ses terroriste opleidingskampe in Suid Afrika was waarvan die regering geweet het, moet ek ook maar net ignoreer. Ons moet mos in liefde met ons vyande lewe. In Suid Afrika vind ons dit onder die blankes, dat indien jy blank is jy een of ander tyd gaan sterf oor jou velkleur waaroor jy geen beheer oor gehad het in elke geval nie, en moet ek maar net die moordenaars vergewe en aan beweeg. Want hulle doen dit om hul voorvaders gehoorsaam

te wees, en dan natuurlik is hulle elke week in die plaaslike gemeente en dien die HERE. En natuurlik kan hulle nie rassisties wees nie, maar is alle blankes en veral Afrikaanssprekende blankes rassisties. Dit is soos om vir my as 'n blanke te verklaar dat alle swarte mense kriminele is, wat verseker nie die geval is nie. Ek het net te veel met van hulle saamgewerk en as kliënte gehad om so 'n standpunt te kan huldig. Maar daar sal altyd mense wees wat die uniekheid van elke persoon, Christen of volk te probeer in 'n boks te druk wat ek dan mee kan deel. Mense wat ek nie in 'n boks kan druk nie weet ek nie hoe om te hanteer nie. En natuurlik wil Rick Warren almal in een boks hê, vandaar sy een wêreld godsdiens oproep. Jy kan maar self gaan kyk hoeveel kere hy al by Moslem byeenkomste as spreker opgetree het, en hoe hy mense veroordeel wanneer hulle die waarheid van die Moslems ontbloot.

Maar wat leer die Bybel ons hieroor? *"En die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte in die land Sínear; en daar het hulle gaan woon. Daarop sê hulle vir mekaar: Kom laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bousteen en die lymgrond vir klei. En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie. So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi."* (Gén 11:1-9) So die eerste gedeelte beskryf alreeds hoe elke volk sy eie taal gekry het sodat hulle nie langer saam kon bly en werk nie, en is hulle in volke opgedeel, almal wat dieselfde taal gepraat het.

Dan beaam Paulus dit vir ons in Handelinge 17 dat die HERE die grense daar gestel het, en nou probeer ons weer om daardie grense te verwyder sodat almal nou weer soos een volk sal optree. En dit is die doel van die nuwe orde, die een godsdiens groep wat die mense probeer bevestig. Maar eers Paulus se beskrywing: *"Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.* ***En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie. God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.*** *Maar toe hulle van die opstanding van die dode hoor, het sommige begin spot, en ander het gesê: Ons sal u weer hieromtrent hoor. En so het Paulus van hulle weggegaan. Maar sommige manne het by hom aangesluit en gelowig geword, onder wie ook Dionísius, die Areopagiet, was, en 'n vrou met die naam van Dámaris en ander saam met hulle."* (Hand 17:24-34)

Wat ek leer uit die gedeelte hierbo, is 'n goeie voorbeeld vir ons die Europese Unie. Hulle het hul grense oopgestel sodat mense van een land na 'n ander kan gaan sonder dat dit nodig is om enigsins die nuwe land se taal of kultuur te leer ken en verstaan, en sit ons vandag, aan die einde van 2018, met Engeland wat alreeds uit hierdie Unie uit bedank het, en nou moet nog net die voorwaardes goed gekeur word. So ons sien klaar dat die een nasie of godsdiens begrip nie werk nie, maar tog probeer die mense dit, al sien hulle dat dit nie werk nie. Europa het klaar verval in 'n nuwe Moslem beheerde linkse politiek, wat almal wat Bybelse waardes aan vashou, as die vyand bestempel. En natuurlik is veiligheid glad nie meer moontlik in so 'n saamgestelde nuwe nasie nie.

Dit is mos wat nou die hele Europa oor gebeur. Waar Sweedse jonges enige tyd van die aand alleen kon rondloop is die moontlikheid nou hoër as 80% dat 'n dame verkrag sal word deur meer as een Moslem indien sy na donker dit sou waag om alleen iewers te wees. En die burgemeester van London wat probeer om alle Moslem aanvalle af te maak as nie godsdienstige aanvalle alhoewel Moslems openlik aankondig dat hulle verantwoordelik was vir die aanvalle, het ook geen effek op Rick Warren se sienings nie. Dit is maar net 'n paar Moslems wat se koppe uitgehaak het. So daar is geen Jihad soos wat die Q'uran verkondig nie.

Ek glo al hierdie standpunte en verbonde wat hulle aangaan beteken niks nie, want ons verstaan nie wat 'n verbond is nie. Wat Rick Warren hierbo beskryf is 'n lys van goed wat ek veronderstel is om te doen maar dit kan net so wel op toiletpapier geskryf gewees het. Want dit beteken niks. Dit is nie 'n verbond nie.

Verder maak hierdie siening ook die pad oop dat alle Jode wat vandag die wet onderhou, so hulle sit nog met die Ou Verbond, ook in die hemel gaan wees ten spyte van wat Jesus vir ons leer. Daar is vinnig twee gedeeltes wat dit vir ons duidelik uitspel. *"En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle. Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken? Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe;* ***niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*** *As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."* (Joh 14:3-12) En dan die volgende gedeelte: *"Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle:* ***Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek.*** *En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:42-46)

Hierdie gedeeltes maak dat ek in Jesus MOET glo om die ewige lewe te verkry, iets wat deur die een wêreld godsdiens verwerp word, en deur mense soos Rick Warren verkondig word. Daar is net EEN weg, en nie baie weë nie. En daar bestaan nie iets soos 'n wegraping wat hy so maklik aan almal verkondig want volgens hom sal die mense eers in daardie tyd by Jesus uitkom. Maar dit maak natuurlik ook die deur oop vir reïnkarnasie, want indien ek nie in die lewe dit reg gehad het nie, sal ek dit regkry in die duisendjarige vrederyk wat weer op aarde sal plaasvind. Maar meer hieroor later.

## BYBELSE SIENING VAN DIE VERBOND

Hier volg 'n kort uiteensetting van 'n verbond. Die eerste en enigste verbond, wat die HERE met die mens aangegaan het, was tussen Abraham en God die Vader. God het vir Abraham belowe dat hy die vader van menigte van nasies, so alle gelowiges sal wees. Die teken van die verbond was die besnyding, wat eers 25 jaar later ingestel is. Die verbond is weer deur die HERE bevestig met Moses voor die uittog uit Egipte. Maar wat is die nuwe verbond? Ons hoor so baie van die nuwe verbond, maar verstaan ons wat dit beteken, of verstaan ons wat gebeur het? Wanneer ons die Bybel en ander geskrifte van dieselfde tyd bestudeer en ondersoek, vind ons dat daar verskeie kledingstukke en bewysstukke omgeruil was wat tekens van die verbond was. So selfs in die Ou Verbond was die gevolge geldig. Kom ons kyk wat het Jesus vir ons nagelaat het, om onsself mee te klee:

Sy kleed het Hy vir ons gegee sodat ons Sy natuur en karakter kan ontvang. Daaroor is Jesus se kleed nie geskeur nie want dan het dit nie aan die voorskrifte van wat die HERE vir Moses gegee het nie, voldoen nie. Dit is ook hoekom die hoë priester se offer nie aanvaarbaar was daardie dag met Jesus se kruisiging nie, want toe hy Jesus ondervra het het die hoëpriester sy kleed geskeur, en so Moses en die HERE se voorskrifte verbreek.

Sy lyfband bied ons Sy krag en Sy Sterkte.

Die vermenging van die bloed beteken vir ons dat ons reiniging van sondes ontvang. Dit is hoekom ons wyn en brood gebruik met Nagmaal. By die Nagmaal eet ons as deelgenote saam die verbondsmaal. Die brood is die liggaam van Christus en die wyn die bloed van Christus. So ons word saamgevoeg en in 'n bloed verbond met die HERE gestel. Indien ons nou die verbond se voorwaardes soos uitgespel in Deuteronomium 28 tot 30 verbreek, het die HERE die reg om ons te dood. En dit beteken dat ons nie meer sy kinders is nie, en nooit weer sal kan wees nie.

Ons vind nou ook dat ons naam verander, en daardeur ontvang ons Sy reputasie en outoriteit, terwyl Hy ons Sy litteken aanbied aan die kruis as 'n permanente verbintenis. Ons word nou Christene, so volgelinge en dissipels van Christus en moet dus in alles elke dag Jesus se beeld uitstraal.

Hy verruil ook ons besittings, en so ontvang ons die ewige lewe.

Die laaste teken van die verbond, die gedenk paal, is die bloedbevlekte kruis op Golgota. Want as Hy nie gesterf het nie, sou ons nie die ewige lewe kon ontvang nie.

So alles wat die een persoon besit, word nou ook deel van die ander persoon se besittings. Dit maak nie saak of dit tussen persone of nasies is nie, daar is geen verskil nie. Dit is ook die rede hoekom Israel in ballingskap weggevoer is, want hulle het die verbond met die HERE verbreek. Na die sewentig jaar in ballingskap in Babel, vind ons ook dat ongeveer slegs net oor die 2% van die mense wat in ballingskap weggevoer is, terug gekeer het na Jerusalem. Die res het in Babel agter gebly as heidene, verworpe deur die HERE omdat hulle nie die verbond wou gehoorsaam nie.

Dit is waarom die HERE verklaar het deur Jesaja: *"Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my. En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk:* ***Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.*** *Toe sê ek: Hoe lank, Here? En Hy antwoord: Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis, en die HERE die mense ver verwyder het en die verlatenheid groot is in die land. En as nog 'n tiende deel daarin is, sal dit weer wees tot verwoesting; maar soos by die terpentynboom en die eikeboom—as hulle omgekap word—'n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees."* (Jes 6:8-13) Nou sal ons verstaan hoekom die HERE die volk in ballingskap weggevoer het, want hulle het nie hulle kant van die verbond onderhou nie.

## SO WAT IS MY SIENING VAN DIE VERBOND?

Maar wat is die verbond wat die Bybel van praat wat die HERE met Abraham aangegaan het? Kom ons kyk na 'n opsomming van die verbond. Die eerste punt wat ek wil aanhaal is wat die voordele en nadele van 'n verbond is. 'n Verbond het altyd twee kante, die een kant leer ons wat sal gebeur indien ons by die verbond hou, en dan die anderkant wat sal gebeur indien ons dit nie doen nie. Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van Deuteronomium 30 vanaf vers 15: *"Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit*

*in besit te gaan neem nie.* ***Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met n eed beloof het om dit aan hulle te gee."*** (Deu 30:15-20)

Die laaste gedeelte is vir my ontsettend belangrik. Ek moet kies om my kant van die verbond te hou, dan sal die HERE Sy kant hou. Die vermoë om te kies is al aan ons gegee in Genesis 3:22 ***"Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken."*** Indien jou Bybel nie so sê nie, is dit omdat die vertalers dit verander het in die nuwe vertaling om by hulle dogma in te pas. Die mens het as deel van die sondeval die vermoë gekry om te weet wat is goed en wat is kwaad. So my hele lewe gaan dus oor keuses, keuses wat of goeie gevolge gaan hê, of wat kwade gevolge gaan hê.

Die verbond is verseker die gedeelte wat die minste verstaan word in die Bybel en veral deur persone van Westerse afkoms. Lees gerus die boek van EW Kenyan, "The Blood Covenant" en u sal sien wat 'n verbond regtig is. U kan ook meer leer oor die onderwerp in die boek "The blood covenant a primitive rite deur Henry Clay Trumbull". In die ou verbond het die diere wat geslag is slegs die sonde bedek, maar die Nuwe Verbond met Jesus vind ons dat Jesus se bloed ons skoon was van ons sondes. So dit bedek nie ons sondes nie, dit was ons skoon. Dit is waarvan Jesaja praat in Jesaja 1: *"Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek. Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars! Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water."* (Jes 1:16-22)

Ek sluit hier 'n kort gedeelte in van hoe Henry Turnbull 'n verbond beskryf in sy boek "The blood covenant a primitive rite" oor die verbond: "It was two young men, who were to enter into this covenant. They had known each other, and had been intimate, for years; but now they were to become brother-friends, in the covenant of blood. Their relatives and neighbors were called together, in the open before the two to witness the place* village fountain, sealing compact. The young men publicly announced their and their reasons for it. Their declarations purpose, were written down, in duplicate, one paper for each friend, and signed by themselves and by several witnesses. One of the friends took a sharp lancet, and a vein in the other's arm. Into the opened opening thus made, he inserted a quill, through which he sucked the blood. The lancet-blade was carefully wiped on one of the duplicate covenant-papers, and then it was taken by the other friend, who made a like incision in its first user's arm, and drank his blood through the quill, wiping the blade on the covenant-record. The two friends declared together: " We are brothers in a covenant made before God : who deceiveth the other, him will God deceive." Each blood-marked covenant-record was then folded carefully, to be sewed up in a small leathern or about an inch to be case, amulet, square ; worn thence forward by one of the covenant-brothers, suspended about the neck, or bound upon the arm, in token of the indissoluble relation."

Na hierdie uiteensetting dink ek sal u saam stem dat dit wat Rick Warren hier probeer doen is nie 'n verbond nie, maar 'n lysie van goed wat hy as "Christen" gaan probeer onderhou, in die plek van die verbond. Want indien hy die verbond verstaan het, sou hy nie hierdie "verbond" geskryf het nie, **en sou hy kon sien dat daar slegs een weg na die ewigheid toe is, en dit is deur Jesus Christus.** *"En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle. Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?* ***Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*** *As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy:*

*Toon ons die Vader? Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."* (Joh 14:3-12)

So nie Boeddha, Mohammed of enige ander "god" kan jou die ewige lewe skenk nie. Dit is Jesus se woorde.

So kan ek uitbrei oor die verbond dat wanneer 'n vrou die eerste keer gemeenskap met 'n man het, sy haar maagdelikheid verloor en daar bloed sal wees om te bewys dat sy in verbond met die man getree het. Hulle is nou in 'n bloed verbond, so albei is gebind dat hulle nooit weer met iemand anders gemeenskap sal hê nie want indien een dit sal doen, verbreek daardie persoon die eerste verbond en indien hy weer met die eerste vrou gemeenskap het sy ook die verbond verbreek want hulle verruil al hul besittings, en dit sluit al hul sondes in. Daaroor dat die wêreld vandag in so 'n toestand is want daar is baie min mense wat nog hierdie huweliksverbond verstaan.

## BYBELSE STAPPE VAN ' N VERBOND

Hier gee die HERE te kenne dat daar wel 'n fisiese teken moet wees wat 'n verskil aandui tussen die wat Sy kinders is en die wat heidene is. Wanneer ons nou hierna kyk moet ons onthou wat ek in die vorige gedeelte genoem het, en dit was dat in die Ou Verbond die bloed van die lam slegs die sondes bedek het, maar dat met Jesus se kruisdood Jesus se bloed die sondes verwyder. Soos Jesaja dit bespreek het in Jesaja se eerste hoofstuk sal die bloed die skaap, ek en jy wat skape van die HERE is, wit was soos sneeu. So dit bedek nie die sondes nie, maar dit verwyder alle sondes.

Maar hoe gebeur dit en wat is die verskil? Indien ons na Israel kyk as ons voorbeeld vind ons dat die oomblik toe die Israeliete deur die Rooisee getrek het, is die Farao, wat die Satan verteenwoordig, saam met al sy magte in die see, die doopwater, gedood en behoort ons nou aan die HERE. So ons verander van eienaar.

Eksodus 7 vertel vir ons wie wat verteenwoordig met die uittog uit Egipte uit. *"En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aaron sal jou profeet wees. Jy moet spreek alles wat Ek jou beveel, en jou broer Aaron moet met Farao spreek, sodat hy die kinders van Israel uit sy land laat uittrek. En Ék sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig. Maar Farao sal na julle nie luister nie; en Ek sal my hand op Egipte lê en my leërskare, my volk, die kinders van Israel, deur groot strafgerigte uit Egipteland uitlei."* (Eks 7:1-4) So die gedeelte wys vir ons wie die rolspelers was met die uittog uit Egipte. Moses het God verteenwoordig, Farao die Satan, en Aaron God se profeet want Hy praat met mense deur profete.

So Israel moes eers al die stappe van die verbond voltooi voordat hulle verlos is. Hulle moes uitroep vir verlossing vanweë hul onderdrukking deur die Farao (Satan), hulle lewe moes bewys dat hulle nou aan die HERE behoort, en dit is waarvan Jeremia praat wanneer hy sê dat daar 'n nuwe verbond sal wees. *"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die huis van Israel en die huis van Juda sal besaai met saad van mense en van diere. En soos Ek oor hulle wakker was om uit te ruk en om te gooi en te verwoes en te vernietig en skade aan te doen, so sal Ek oor hulle wakker wees om te bou en te plant, spreek die HERE. In dié dae sal hulle nie meer sê nie: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword. Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtigheid sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word.* ***Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.****"* (Jer 31:27-33)

Hy weet nie hoe om profesie te interpreteer nie, en daaroor het hy geen werklike siening daaroor nie. Dit kan duidelik gesien word uit die boonste aanhaling waar hy sê dat daar wel 'n plan is met Israel maar dit is net uit respek vir die Jode as God se volk. So daarmee omseil hy die dispensasionele teologie asook die verbondsteologie se siening. Dit beteken natuurlik ook dat daar geen werking van die Heilige Gees in sy skrywe kan wees nie.

Wat dit wel wys, en dit is wat omstellend is, is dat hy dus uit sy eie menswees praat en nie gelei word deur die Heilige Gees nie. So hy het geen antwoord op profesië nie en daaroor sy siening soos alreeds aangehaal, maar ter wille van kontinuïteit haal ek weer die gedeelte aan: **"Jesus was telling the disciples they could not know the day or the hour, but nowhere does Jesus ever indicate that "the details of my return are none of your business." Rather than quickly changing the subject, we find in Matthew 24 and Luke 21 two of the longest passages in Scripture quoting Jesus' own words, and what's more, where He details the signs of His coming. In essence, Jesus was saying, because you cannot know the day and hour of my return, you need to educate yourself in Bible prophecy and take heed of my words about the end times. Later on, one of those disciples, John, was given an entire book to write on the details of Jesus' coming. Jesus continually said to be alert and ready for when He returns. In both parables and straightforward talk, he spoke of this."**

So dit is sy en die "Emergent Church" se siening van die eindtyd. So ten minste het ek nie nodig om weer die wegraping teologie te weerlê nie.

Net ter wille van die wat nie weet waaroor die teorie oor die wegraping gaan, het ek twee gedeeltes ingesluit wat dit beskryf sodat u self kan sien hoe hulle 'n soort van "shuttle service" aanhang waaraan Jesus moet voldoen om hulle teorie te laat gebeur.

Hier wil ek graag twee gedeeltes aanhaal van mense wat die lering aanhang.

## SO EERS DIE EERSTE AANHALING

"Is die wegraping en die Here Jesus Christus se wederkoms na die aarde een en dieselfde gebeurtenis of is dit twee verskillende gebeurtenisse? In ons ondersoek na antwoorde op hierdie vraag, wys ons die volgende tien verskille uit tussen die wegraping en Christus se wederkoms na die aarde toe.

1. Een - Tydens die wegraping sal Kerk-era gelowiges wat 'in Jesus ontslaap' het, wat 'in Christus gesterf het' (1 Thes 4:14, 16), hul verheerlikte liggame ontvang (1 Kor 15:51 -52; 1 Thes 4:13-18). Kort na die wederkoms van die Here Jesus aarde toe sal alle Ou-Testamentiese gelowiges wat vóór Pinkster gesterf het, hul verheerlikte liggame ontvang (vgl. Dan 12:1-3). Hierdie gebeurtenisse is verskillend.
2. Twee - Kort na die wegraping verskyn Kerk-era gelowiges in die hemel voor Christus se bema-stoel oordeel (1 Kor 3:10-15; Rom 14:10-12); kort na die Koning se wederkoms aarde toe vind verskyn alle mense (gelowig en ongelowig) voor die troon van Dawid in Jerusalem vir die oordeel van die skape en die bokke (Mat 25:31-46). Hierdie oordele is verskillend.
3. Drie - Slegs Kerk-era gelowiges (gelowiges in Christus van Pinkster in Handelinge 2 tot en met die wegraping) word tydens die wegraping na die Hemel geneem (Joh 14:1-3; 1 Kor 15:51-52; 1 Thes 4:13-18). Tydens Christus se wederkoms aarde toe sal alle mense wat dan op die aarde is daardeur geraak word, gelowiges én ongelowiges.
4. Vier - Tydens die wegraping kom Christus om Sy bruid weg te voer hemel toe. Met Christus se wederkoms aarde toe kom die Vrou/Bruid van Christus saam met Hom aarde toe.
5. Vyf - Tydens die wegraping sal net gelowiges Christus sien, maar met Christus se wederkoms aarde toe sal elke oog Hom sien.
6. Ses - Tydens die wegraping verskyn Christus in die lug, maar met Christus se wederkoms kom Hy aarde toe.
7. Sewe - Die wegraping kan nou al gebeur, maar die wederkoms van Christus aarde toe is aan die einde van 'n 7-jaar Verdrukkings tydperk, nadat spesifieke gebeure plaasgevind het (Open 6-19).
8. Agt - Die wegraping kan nou al gebeur, maar die wederkoms van die Here die aarde toe sal nie plaasvind nie totdat die Joodse generasie aan die einde van die Verdrukkings tydperk sê, 'Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die HERE!' (Mat 23:39; vgl. Hos 5:15-6:1; Sag 12:10). G'n wonder dat anti-Joodsheid toeneem soos wat die einde van die bedeling naderkom nie.
9. Nege - Die wegraping is nie in die Ou Testament openbaar nie, maar die wederkoms van Christus na die aarde toe is beslis in die Ou Testament openbaar. Die wegraping is 'n Nuwe-Testamentiese verborgenheid (1 Kor 15:51-52), maar die wederkoms van Christus na die aarde is nie 'n verborgenheid nie.
10. Tien - Na die wegraping is daar nog Verdrukkings tydperk, 'n tyd van oordeel oor die aarde, maar na Christus se wederkoms aarde toe is daar nog die Messiaanse koninkryk, 'n tyd van seën oor die aarde.
11. Slotsom - Dit is duidelik uit bogenoemde tien verskille dat die wegraping en die wederkoms van die Here Jesus Christus na die aarde toe twee verskillende gebeurtenisse is."

## NOU DIE TWEEDE AANHALING

1. "Vraag: "Wat is die verskil tussen die Wegraping en die Tweede Koms?"
2. **Antwoord:** Die wegraping en die tweede koms van Christus is dikwels verwarrend. Soms is dit moeilik om vas te stel wanneer 'n Skrifgedeelte na die wegraping of die tweede koms verwys. Dit is egter baie belangrik om tussen die twee te onderskei, wanneer dit kom by die Bybelse eindtyd-profesieë.

3. Die wegraping is wanneer Jesus Christus terugkom om die kerk (al die gelowiges in Christus) van die aarde af te verwyder. Dit word in 1 Tess 4:13-18 en 1 Kor 15:50-54 beskryf. Gelowiges wat gesterf het se liggame sal opgewek word en saam met gelowiges wat nog lewe, die Here in die lug tegemoetgaan. Dit sal alles in 'n oomblik gebeur, in 'n oog wenk. Die tweede koms is wanneer Jesus terugkeer om die Antichris te oorwin, die bose te vernietig en Sy duisendjarige koninkryk op te rig. Die tweede koms word in Openbaring 19:11-16 beskryf.
4. Die belangrike verskille tussen die wegraping en die tweede koms is as volg: Met die wegraping, ontmoet gelowiges die Here in die lug (1 Tess 4:17). Met die tweede koms kom gelowiges saam met die Here terug aarde toe (Open 19:14).

Die tweede koms gebeur ná die groot verdrukking (Open 6-19). Die wegraping gebeur vóór die verdrukking (1 Tess 5:9; Open 3:10).

Die wegraping is die verwydering van gelowiges van die aarde af, as 'n verlossings aksie (1 Tess 4:13-17, 5:9). Die tweede koms sluit die verwydering van ongelowiges in as 'n aksie van veroordeling of straf (Matt 24:40-41).

Die wegraping sal in die geheim en skielik gebeur (1 Kor 15:50-54). Die tweede koms sal vir almal sigbaar wees (Open 1:7; Matt 24:29-30).

Die tweede koms van Christus sal plaasvind nadat sekere ander eindtyd-gebeure plaasgevind het (2 Tess 2:4; Matt 24:15-30; Open 6-18). Die wegraping is onmiddellik; dit kan enige tyd plaasvind (Titus 2:13; 1 Tess 4:13-18; 1 Kor 15:50-54).

Hoekom is dit belangrik om hierdie twee gebeure van mekaar te onderskei? Indien die wegraping en die tweede koms dieselfde gebeurtenis is, sal gelowiges deur die verdrukking moet gaan (1 Tess 5:9; Open 3:10).

Indien dit dieselfde gebeurtenis is, is die wederkoms van Christus nie skielik nie - daar is baie goed wat moet gebeur voordat Hy wéér kom (Matt 24:4-30).

Waar die verdrukkings tyd beskryf word in Openbaring 6-19, word daar nêrens van die kerk gepraat nie. Gedurende die verdrukking - ook genoem in Jer 30:7 "'n tyd van swaarkry vir Jakob" - sal God Sy primêre aandag op Israel vestig (Rom 11:17-31).

Die wegraping en die tweede koms is eenders, maar aparte gebeure. Beide sluit Jesus se wederkoms in. Beide is eindtyd-gebeure, maar tog is dit uiters belangrik om die verskille te herken. Opsommenderwys is die wegraping die wederkoms van Christus op die wolke om al die gelowiges van die aarde af weg te neem, voor die tyd van God se wraak. Die tweede koms is die wederkoms van Christus na die aarde om die verdrukking te beëindig en om die Antichris en sy bose wêreldse koninkryk te verslaan."

Indien u wel wil weet wat met die einde van die huidige wêreld gaan gebeur soos deur Johannes vir ons voorgehou in Openbaring, stel ek voor dat u my boek oor die Openbaring van die Openbaring van Johannes lees wat u hier kan kry. Dit verskil hemelsbreed van wat deur die vorige twee aanhalings voorgehou word. Ek kan net aanhaal en wys wat met die oopmaak van die sesde seël gaan gebeur. *"En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?* Open 6:12-17) So ek weet nie hoe kan die aarde nog bestaan nadat dit verwoes is nie.

En so kom ons aan die einde van die kort oorsig van die boek wat miljoene mense reg oor die wêreld tot 'n val gaan bring, en die "nuwe" kerk, "The Emergent Church" gaan vestig met die antichris as hoof. En dit is so dat daar baie goeie gemeentes is wat gedeeltes van die boek gebruik met groot sukses, maar ongelukkig as die fondasie verkeerd is, is die gebou of vrug ook verkeerd.

# WAT KAN ONS VERWAG IN 2021?

So begin ons ‘n nuwe jaar in 2021 met ‘n totale ander insig as in 2020. Waar 20 20 visie wat ons laasjaar mee begin het beteken dat ons ‘n perfekte visie het, weet ons nog nie eintlik wat het ons getref het verlede jaar nie, veral met die Sjinese Covid virus nie, en sover ook nie die jaar nie. En ons weet ook nog nie wanneer dit gaan eindig nie.

Al weet ons die mense in Sjina het regtig probleme gehad, glo ons mos maar hulle politici en is daar geen rede om hulle nie te glo nie. Maar ons kan gaan kyk na inligting wat ons sonder enige moeite in die hande kan kry, en dan skrik ons. Hulle selfoon verskaffer, China Mobile, is een van die maatskappye wat op die New York Effekte Beurs gelys is, en moet hulle resultate daar publiseer. Hier vind ons dat in Februarie 2020 met die hoogtepunt van Covid in Sjina, daar 7,5 miljoen selfoon gebruikers verdwyn het aangesien dit die daling is wat hulle gepubliseer het. Natuurlik sonder enige rede. So het daar 1,5 miljoen verdwyn tussen Junie en Augustus, en 2,5 miljoen in November. U kan my syfers nagaan hier: China Mobile Limited - Investor Relations > Monthly Customer Data. U sal self kan sien dat vir die jaar tot November 2020 hulle 6,6 miljoen minder gebruikers as die begin van die jaar gehad het. Met ‘n bevolking van oor ‘n biljoen mense, sou ek verwag het dat daar baie meer mense sou kwalifiseer om selfone te kon aankoop in 2020, en nie 'n daling verwag het nie. Wat van al die miljoene wat nou begin werk het verlede jaar en 'n selfoon gekoop het?

Nou kyk ek na die data en vergelyk ek dit met wat ek as Christelike Apologeet vind op my webtuiste. Soos met die data oor Sjina doen ek al my navorsing voordat ek oor goed skryf wat mense maar moeilik vind om self te bestudeer of oor opinies uit te spreek. Al wat ek maar doen is kyk na ons Christelike standpunte, kyk of ek dit kan bevestig of nie, en meeste kere antwoorde kry wat ons nie altyd wil hoor nie. En dan plaas ek dit of as enkel artikel, of indien dit ‘n boek is, as boek in pdf formaat op my webtuiste.

Maar dan vra ek net dat mense ‘n vrywillige donasie gee vir dit wat hulle op my webtuiste kry. Maar ongelukkig is al gevolgtrekking wat ek kan maak, is dat Christene seker die swakste gewers is wat daar bestaan.

Maar hoekom sê ek dit?

Ons hou mos van die Rooms Katolieke wyse van gee. Dit is maar die manier  wat Luther ook gebruik het om te bestaan. Deur die metode te gebruik, kan jy vandag genesing ontvang sodra jy vir die tiende predikers ‘n donasie gee, want dan sal hulle vir jou bid en sal jy genees wees. As jy nie genesing ontvang nie, is dit jy wat nie genoeg geloof gehad het nie, of jou bydrae was dalk ‘n bietjie te min vir dit wat jy wou kry. So het Luther maar nog aangehou met sy plekkie in die gebou waar jy kon gaan sit en al jou sondes teenoor hom bely, en die oomblik wat jou geldjie in die aflate boks weerklink het, is jou sonde vergewe en kon jy weer aangaan totdat jy weer op die aflate stoel bevind het. So maak meeste van ons groot naam predikers hul geld. So vind ons byvoorbeeld mense soos John Hagee wat nie eers die Bybel verstaan nie en skryf oor die vier bloed mane van so ‘n paar jaar gelede, die metode gebruik en mense koop sy vals profesieë by die miljoene. Het enige van sy uitlatings waar geword? Nee, maar hy het lekker ryk geword daaruit. En dan kan jy maar gaan kyk na van sy preke op Youtube. Dan maak hy uitlatings soos Jesus het nie vir die Jode gesê dat Hy die Christus is nie, so hoe kon hulle dan weet dat Hy die Christus is. Nou kan ons mos verwag dat Jesus weer moet kom om hulle te oortuig dat Hy die Christus is, en dit skakel natuurlik baie mooi in by die wegrapingsteorie van die Antichris. Maar ons vergeet dat die ryk jong man vir Abraham gevra het om Lasarus na sy broers te stuur om hulle te vertel dat Jesus die Christus is, en dat Jesus se antwoord was dat hulle het Moses en die profete, as hulle nie die mense glo nie, sal hulle nie die ewige lewe beërf nie. So ten spyte van die feit dat ons weet wat hy en baie ander valse profete is, pas ons nie toe wat die Bybel verklaar ons moet doen met valse profete nie. En dit geld sommer vir al sy maatjies, soos ‘n Joel Osteen, Joyce Meyer, Kenneth Copeland, en hordes ander wat almal van Luther se aflate gebruik om geld te maak maar is ons bang om hierdie mense te openbaar as valse profete wat bedoel is vir die ewige verderf. So het die mense geleer om soos

Luther op ander mense te teer om in luuksheid te kan leef. Dit was die een onderwerp wat Luther nooit aangespreek het in sy skrywes nie want dan het hy sy eie keel afgesny. So nou vind ons dat al die Christelike Sioniste die metode gebruik om hulleself te verryk. En dan trek hulle 'n Maleagi 3 vers 8 preek uit, en nou kan hulle weer die Ou Testament wat volgens hulle net vir Israel geld, gebruik om geld uit jou te kry. Die HERE het die vrywillige gewer lief, of die een wat ander leer, maar nie die Antichris en sy leermeesters nie.

*"As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop—wat jy nie geken het nie—en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei." (Deu 13:1-5) Die laaste sin is ontsettend belangrik. Die kwaad kom uit ons midde. So nie iemand wat anders is nie, maar iemand wat as Christen gesien word en in ons midde beweeg. Want jy sal die afval nie van een van jou eie mense verwag nie.*

Nou kan hulle baie vinnig dit verander en sê dat die Ou Testament net vir die Jode geld, en dit slegs van toepassing is op Israel want die verbond geld net vir Israel en nie vir ons nie. Nou kan ons maar vra hoe hulle dan met die wegrapingsleer kan uitkom as hulle verklaar dat die Ou Testament net vir Israel geld. Dan kan hulle mos nie nou skielik na Daniël verwys nie, want dit het niks met ons as Nuwe Testamentiese Christene te doen nie.

So kan ek en baie ander Christen skrywers boeke en artikels skryf sonder dat jy as leser daarvoor hoef te betaal, en dan vind jy uit dat in 2020 by my so net meer as 16,000 boeke afgelaai is en maak dit 73,54% van al my data op wat my webtuiste gedra het verlede jaar. Maar, ek kan nie vir jou die ewige lewe belowe as jy my manier volg nie, ook kan ek nie genesing belowe sodra jy vir my geld gee nie. Ek kan dalk vir jou dit makliker maak om die Bybel se boodskap te verstaan sodat jy en die HERE saam 'n paadjie kan begin loop en dat jy kan sien wat die ewige lewe beteken vir ons as Christene. Wat het ek gekry as vrywillige bydraes? Niks. Nul. Zilch. Nie 'n sent nie. Jy sal eerder jou geld spandeer op jou gunsteling Christelike Sionis se boek of een van hulle talle liedere waarmee hulle uitkom as om seker te maak dat jy op die nou pad is na die hemel. Net so interessante stukkie inligting vir jou. Het jy geweet dat Rick Warren van "The purpose driven life", die hoof is van die Chrislam beweging wat verklaar dat Jesus vir ons as Christene as verlosser optree en Mohammed as verlosser vir die Moslems optree. Dit is hoekom hy graag wil hê dat ons ons tyd sal spandeer om dissipels te maak en programme op te stel om mense na ons gemeente te trek en hoe jy jou doel moet naspeur as om die eindtyd te bestudeer. Want dan moet hy kies tussen Jesus en Mohammed.

Maar eers net gou my webtuiste se inligting:

| #reqs | %bytes | extension |
|---|---|---|
| 15932 | 73.54% | .pdf [Adobe Portable Document Format] |
| 116692 | 13.50% | [directories] |
| 78178 | 4.20% | .js [JavaScript code] |
| 76 | 2.10% | .mp4 |
| 10757 | 1.90% | .jpg [JPEG graphics] |
| 78768 | 1.36% | .css [Cascading Style Sheets] |
| 54744 | 1.36% | .php [PHP] |
| 76 | 1.19% | .mp3 [MP3 sound files] |
| 689 | 0.74% | .hlp |

| #reqs | %bytes | extension |
|---|---|---|
| 32714 | 0.12% | [not listed: 15 extensions] |

Soos jy kan sien is daar 15,932 pdf lêers afgelaai van my webtuiste en dit 73.54% van die verkeer op my webtuiste was. Nou kan jy maar dieselfde optree as die ander 100,000 plus mense wat oor die afgelope 12 jaar boeke afgelaai het van my webtuiste sonder enige bydrae, of dalk kan jy my verbaas deur 'n bydrae te maak wat my dalk net gaan help om my medisyne vir pyn en al die ander simptome van hierdie snaakse kanker wat ek het mee te verlig of te bestuur. Of miskien help dit dalk net dat ek weer by 'n dokter kan uitkom wat my kan help met my stryd teen hierdie kanker.

Jy kan kies. Maar onthou net hoe Jesus die skape van die bokke gaan skei wanneer Hy weer kom: "*Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."* (Mat 25:41-46)

So indien jy voel dat ek jou dalk oortuig het om ook vir my as skrywer en Christelike Apologeet 'n ietsie te gee sodat ek nog gewoontes kan navors en oor skryf, of om te help met kostes soos ek voorheen genoem het, kan jy jou bydrae maak by:

https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries

https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries

# AANHANGSEL A DIE OORSPRONKLIKE VERBOND VAN RICK WARREN SE WEBTUISTE AF

19/11/2018

The Purpose Driven Covenant by Rick Warren
Jerry Bowyer

Yesterday Jerry read this on the air. The Purpose Driven Covenant By Rick Warren

On April 17, more than 30,000 members of the Saddleback Family gathered in Angel Stadium to celebrate our congregation's 25th anniversary. But we did more than just rejoice in the way God fulfilled the original vision he gave me for the congregation in 1980. I also shared a new vision God has placed on my heart, one for mobilizing all God's people -- all over the world -- to tackle the giant obstacles that keep people in spiritual darkness.

At the end of the celebration, we all stood together and read the declaration below that I wrote to help us express our radical commitment to this global spiritual revolution. I encourage you to share this with your friends and family as we all challenge each other to join God in seeing his will done "on earth as it is in heaven."

THE ANGEL STADIUM DECLARATION APRIL 17, 2005

Today I am stepping across the line. I'm tired of waffling, and I'm finished with wavering. I've made my choice; the verdict is in; and my decision is irrevocable. I'm going God's way. There's no turning back now!

I will live the rest of my life serving God's purposes with God's people on God's planet for God's glory. I will use my life to celebrate his presence, cultivate his character, participate in his family, demonstrate his love, and communicate his Word.

Since my past has been forgiven, and I have a purpose for living and a home awaiting in heaven, I refuse to waste any more time or energy on shallow living, petty thinking, trivial talking, thoughtless doing, useless regretting, hurtful resenting, or faithless worrying. Instead I will magnify God, grow to maturity, serve in ministry, and fulfill my mission in the membership of his family.

Because this life is preparation for the next, I will value worship over wealth, "we" over "me," character over comfort, service over status, and people over possessions, position, and pleasures. I know what matters most and I'll give it all I've got. I'll do the best I can with what I have for Jesus Christ today.

I won't be captivated by culture, manipulated by critics, motivated by praise, frustrated by problems, debilitated by temptation, or intimidated by the devil. I'll keep running my race with my eyes on the goal, not the sidelines or those running by me. When times get tough and I get tired, I won't back up, back off, back down, back out, or backslide. I'll just keep moving forward by God's grace. I'm Spirit-led, purpose-driven, and mission-focused, so I cannot be bought, I will not be compromised, and I shall not quit until I finish the race.

I'm a trophy of God's amazing grace so I will be gracious to everyone, grateful for everyday, and generous with everything that God entrusts to me.

To my Lord and Savior Jesus Christ, I say: However, whenever, wherever, and whatever you ask me to do, my answer in advance is yes! Wherever you lead and whatever the cost, I'm ready. Anytime. Anywhere.

Anyway. Whatever it takes Lord; whatever it takes! I want to be used by you in such a way that on that final day I'll hear you say, "Well done, thou good and faithful one. Come on in, and let the eternal party begin!"

From Www.PurposeDriven.com.

https: / /www.christianity.com/print/1364007/ 1/1